

# Psigedelies en groen: Die invloed van Stephen Gaskin en sy hippiebeweging op omgewingsdenke in die VSA

*[Ter nagedagtenis aan Stephen Gaskin, die hippie-ikoon van Haight-Ashbury en The Farm, wat op 1 Julie 2014 in die ouderdom van 79 by Summertown, Tennessee dood is.]*

Kobus du Pisani  
*Vakgroep Geskiedenis en Antieke Kultuur*  
*Potchefstroomkampus*  
*Noordwes-Universiteit*  
kobus.dupisani@nwu.ac.za

Yolandé Alberts  
*Vakgroep Geskiedenis en Antieke Kultuur*  
*Potchefstroomkampus*  
*Noordwes-Universiteit*  
23444797@student.nwu.ac.za

## ***Abstract***

This article argues that the hippy movement of the 1960's and 1970's, both in terms of its underlying philosophy and its practical lifestyle, made significant contributions to the environmental movement. The focus is on one specific hippy community, the followers of Stephen Gaskin, first in Haight-Ashbury, San Francisco and later on The Farm at Summertown in Tennessee. Their views concerning the natural environment and how they put these views to practice in their day-to-day lifestyle are investigated. Of particular relevance is their use of drugs as a holistic sacrament and their lifestyle close to nature as a self-sustaining community in the countryside. It is concluded that traces of the impact of their outlook and their lifestyle on environmental thinking can still be observed in contemporary society.

**Keywords:** Hippies; Stephen Gaskin; Haight-Ashbury; The Farm; Counterculture; Tripping; Dropping out; Environmental movement; Holism; Sustainability.

## **Inleiding**

In die populêre geheue word die hippiebeweging van die laat 1960's en vroeë 1970's, wat in die VSA posgevat en oor die wêreld navolgers verwerf het, met lang hare, vrye liefde, anti-oorlogsprotes en daggarook geassosieer. Veral die

vredesken en die “make love not war”-slagspreuk word in die herinnering geroep wanneer aan hulle teruggedink word.<sup>1</sup>

Weens hulle disrespek vir gesag, hulle onortodokse lewenstyl en hulle dwelmgebruik was persone met konserwatiewe waardes afwysend teenoor die hippies. Die “behoudendes” onder die ouer geslag van daardie tyd het die hippies afgemaak as ’n losbandige spul, wat te lui was om ’n dag se eerlike werk te doen. Met afkeur is die hippies in konserwatiewe kringe as deel van ’n permissiewe neiging beskou, wat besig was om die Weste se morele waardes uit te kalwe. Hulle moes lief nie te ernstig opgeneem word nie. Op ’n webwerf word smalend na die hippies verwys as “a type of young person in the 60s whose parents were capitalist enough that they could afford to maintain their offspring’s anti-capitalist lifestyle”.<sup>2</sup>

By nadere ondersoek blyk dit dat daar veel meer van ’n intellektueel-filosofiese onderbou in die lewensuitkyk, styl en optrede van die hippies gestek het as wat oppervlakkig sigbaar was. Hulle het onder meer ook ’n merkbare invloed uitgeoefen op die manier waarop mense oor die omgewing gedink het, juis in ’n tyd toe alarm gemaak is oor die dreigende ekologiese krisis.

Hoewel die hippies “blommekinders” genoem is, word hulle denke en optrede nie primêr met die omgewingsbeweging geassosieer nie. In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die denke onderliggend aan die hippieleefwyse en die wyer invloed van hierdie denke en leefstyl om vas te stel of die hippiekultuur ’n wesenlike bydrae tot die momentum van die opkomende omgewingsbeweging gelewer het.

Voordat gevolgtrekkings oor die bydraes van die hippies tot die omgewingsbeweging gemaak kan word, is dit belangrik om eerstens te verduidelik wie en wat die hippies was en hoe die beweging ontstaan het. Die historiese konteks waarbinne die beweging gefunksioneer het, word geskets. Hier word veral gefokus op een hippiegemeenskap, wat in die laat 1960s rondom Stephen Gaskin se Maandagaandklas in Haight-Ashbury in San Francisco vorm aangeneem het en in die vroeë 1970’s ’n kommune op

---

1 Daar is lyste van publikasies oor die hippies op die internet beskikbaar. Enkele standaardwerke oor die geskiedenis van die hippiebeweging is S Stone, *Hippies from A to Z: Their sex, drugs, music and impact on society from the sixties tot the present* (New York, WW Norton & Company, 1994); J McCleary, *The hippie dictionary* (Berkeley Ca., Ten Speed Press, 2004); C Grunenberg & J Harris, *Summer of love: Psychedelic art, social crisis and counterculture in the 1960s* (Liverpool, Liverpool University Press, 2005).

2 Anon., “Hippies” (beskikbaar by <http://www.cracked.com/funny-2081-hippies/>), geraadpleeg op 26 September 2014.

The Farm by Summertown in Tennessee gevestig het. Aandag word geskenk aan die groeiende gewildheid van die hippiebeweging onder die Amerikaanse bevolking. Daarna word die hippies se omgewingsbeskouings en die praktiese uitlewing daarvan ondersoek om vas te stel watter invloed hulle op die omgewingsbeweging uitgeoefen het. Was die hippies se bydrae in hierdie verband uniek en het dit verskil van die insette van ander omgewingsaktiviste, wat binne die raamwerk van die vasgestelde orde probeer het om verandering binne en buite Amerika mee te bring?

### **Historiese konteks van die opkoms en uitbreiding van die hippiebeweging**

Die opkoms van die eerste hippiegemeenskappe in Amerika het plaasgevind in 'n tyd van oorlewingsang en apokaliptiese vrese. Die optimistiese tydgees aan die begin van die twintigste eeu, *La belle époque*, het plek gemaak vir 'n nagmerrie weens die twee verwoestende wêreldoorloë. Pessimistiese denkrigtings het in die middel van die eeu hoogty gevier. Eksistensialisme en nihilisme het die filosofiese toneel oorheers. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het ongekende ekonomiese groei in die 1950's en 1960's die Groot Idee van Vooruitgang (dat die menslike samelewing deur voortdurende vooruitgang in wetenskap, tegnologie, welvaart en morele perfeksie bestem is vir uiteindelijke volmaaktheid) kortstondig laat herleef. Spoedig het die bewussyn van 'n dreigende ekologiese katastrofe weens die mens se plundering van die natuur in die kapitalistiese wêreldstelsel 'n demper op die geloof in onbeperkte vooruitgang geplaas. Dit het aan die lig gekom dat die heersende produksiesisteme onhoudbare druk op die aarde se ekosisteme en natuurlike hulpbronne plaas. Verder het die Koue Oorlog en die bedreiging van 'n apokaliptiese kernoorlog tussen die supermoondhede 'n donker wolk gegooi oor utopiese verwagtings van 'n volmaakte samelewing. Vrese vir 'n verwoestende konfrontasie het die "baby boomers", die geslag wat in die jare onmiddellik na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog gebore is, nagmerries besorg. Hoe lank sou die mensdom kon oorleef? Indien 'n kernoorlog vermy word, sou die vernietiging van die aarde se vermoë om die mensdom te onderhou in elk geval die planeet onbewoonbaar maak. Hierdie neerdrukkende gevoel van 'n dreigende inploffing van die mens se oorlewingsmoontlikhede teen die einde van die 1960's is soos volg verwoord deur Joyce Maynard, nadat sy Paul Ehrlich se *The population bomb* gelees het, wat haar dieselfde vrees as tydens die Kubaanse missielkrisis van 1962 laat

ervaar het:<sup>3</sup>

Not personal individual fear but end-of the-world fear, that by the time we were our parents' age we would be sardine-packed and tethered to our gas masks in a skylless cloud of smog.

Die doemprefesieë van 'n mensdom op die drumpel van selfvernietiging het onvermydelik 'n teenreaksie uitgelok by diegene wat ontnugter was met die morbiede implikasies van die gevestigde wêreldstelsel en wat in verzet teen die stelsel daaruit wou wegbreek. Baie van hulle het hul eie utopiese drome van 'n sorgvrye lewe gekoester. 'n Linkse beweging, wat in verzet gekom het teen die *status quo* van ongelikheid, onreg, onderdrukking, uitbuiting en diskriminasie, het in die Weste gestalte gekry. Die 1960's was 'n keerpunt in die geskiedenis van Amerika en word gekenmerk deur 'n reeks sosiale en politieke veranderings wat verreikende implikasies sou inhou vir die wêreldorde. Beïnvloed deur die gruwels van die Eerste en Tweede Wêreldoorloë en onder die swaard van 'n dreigende kernoorlog, het die "baby boomers" 'n reputasie verwerf vir hulle aktivistiese rol in linksgeoriënteerde sosiale bewegings. Baie van hulle het hul gewig ingegooi agter die burgerregtebeweging, die anti-kernwapen- en anti-oorlogbeweging, die vrouebevrydingsbeweging en later ook die "groen" of omgewingsbeweging.

Voorlopers van die hippies in die vroeë 1960's was die romanskrywer Ken Kesey en die Merry Pranksters, wat in 'n kommune in Kalifornië gewoon het en met 'n skoolbus genaamd Further deur die VSA gereis het.<sup>4</sup> Hulle was berug vir hulle losbandige lewenstyl en dwelmgebruik. Die folkmusiekteater in Greenwich Village in New York en Berkeley in Kalifornië het ook die weg vir die hippiekultuur voorberei.<sup>5</sup>

Aanvanklik was die hippiesubkultuur of -teenkultuur hoofsaaklik 'n jeugbeweging wat in die 1960's in die VSA posgevat en spoedig na ander lande versprei het. Die hippies het volgens Mercer ontwikkel uit die Beat-

---

3 A Rome, "The environmental movement and the sixties", *The Journal of American History*, 90(2), 2003, p. 542.

4 K Owen, "Remembering Ken Kesey, 1925-2001", *Cosmic Debris Magazine*, 2001 (beskikbaar by [http://www.cosmik.com/aa-december01/ken\\_ksesey.html](http://www.cosmik.com/aa-december01/ken_ksesey.html)), geraadpleeg op 3 Oktober 2014.

5 R Hannon en C Arnold, "The Jabberwock" (beskikbaar by <http://www.chickenonaunicycle.com/Jabberwock%20History.htm>, 2012) geraadpleeg op 3 Oktober 2014.

generasie<sup>6</sup> van die 1950's, waarvan die belangrikste groepe hulle in Greenwich Village in New York en Haight-Ashbury in San Francisco gevestig het. In San Francisco en New York het die hippies hulle eie gemeenskappe gevorm en teen die middel van die 1960's 'n merkwaardige populasie van afvalliges en een van die vernaamste komponente van die teenkultuur van die 1960s geword. Teen middel-1966 het die hippiegemeenskap in The Haight al meer as 15,000 getel.<sup>7</sup>

Die hippies word soms as 'n religieuse beweging, 'n nuwe soort godsdiens, op soek na betekenisvolle alternatiewe waardes, getipeer.<sup>8</sup> Hulle het die oorheersende kapitalistiese kultuur, waarna hulle as “The Establishment”, “Big Brother” of “The Man” verwys het, beskou as korrup en monolities, en 'n stelsel wat mense se lewens absoluut wou beheer en hulle van hulle vryheid ontnem het. Die hippies het gevestigde instellings verwerp, middelklaswaardes uitgedaag (hoewel meeste van hulle self uit die middelklas gekom het), oorlog en kernwapens bestry en Oosterse filosofiese denke omhels. Hulle wou die harde realiteit van die nywerheidsamelewing vervang met 'n milde en nie-doktrinêre ideologie wat op gemeenskap, vrede, liefde en persoonlike vryheid (soos uitgedruk in die Beatles se treffer “All you need is love”) gefokus het. Verder het hulle seksuele bevryding en vrye liefde gepropageer, nuwe kleredragstyle ingevoer, na psigedeliese musiek (insluitende folk en psigedeliese rock) geluister, alternatiewe kuns en straatteater beoefen as uitdrukkingsmiddels, en geëksperimenteer met dwelms soos “grass” (Marijuana of dagga) en “acid” (LSD) om hul bewussyn te verruim.<sup>9</sup>

Die woord “hippy” (soms in Engels ook “hippie” gespel) is waarskynlik afgelei van die uitdrukking “I am hip” uit die Beatnik-era, wat beteken “Ek weet wat

---

6 Onder die standaardwerke oor die Beat-generasie tel J Campbell, *This is the beat generation: New York–San Francisco–Paris* (Los Angeles, University of California Press, 2001); A Charters (red.), *Beat down to your soul: What was the beat generation?* (New York, Penguin, 2001); R Collins & D Skover, *Mania: The story of the outraged & outrageous lives that launched a cultural revolution* (Chicago, Top-Five Books, 2013); B Cook, *The beat generation: The tumultuous '50s movement and its impact on today* (New York, Charles Scribner's Sons, 1971); M McClure, *Scratching the beat surface: Essays on new vision from Blake to Kerouac* (New York, Penguin, 1994); FW McDarrah & GS McDarrah, *Beat generation: Glory days in Greenwich Village* (New York, Schirmer Books, 1996); J Raskin, *American scream: Allen Ginsberg's "Howl" and the making of the beat generation* (Berkeley, University of California Press, 2004); S Watson, *The birth of the beat generation: Visionaries, rebels, and hipsters, 1944-1960* (New York, Pantheon, 1998).

7 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora*, skripsie (Florida, University of Central Florida Orlando, 2012), p. 10.

8 In W Dudley (red.), *The 1960s. America's decades* (San Diego, Greenhaven Press, 2000) word verskeie outeurs in hierdie verband aangehaal, onder meer T Miller, H Cox, WC Shepard, J Poland, RJ Gleason en W Nisker.

9 S Stone, “Hippies from A to Z” (beskikbaar by <http://www.hippy.com/modules.php?name=News&file=categories&op=newindex&catid=8>), geraadpleeg op 3 Oktober 2014. 'n Oorsig van die kenmerke en waardes van die hippies.

gaan aan”. Dit het ongeveer dieselfde konnotasie gehad as “cool” vandag, in teenstelling met “square”, wat gedui het op vervelige konserwatisme, amper soos “nerd” vandag.<sup>10</sup> “Hippies” is al voor die 1960’s sporadies gebruik om te verwys na persone wat hulle met die lewenstyl van swart Amerikaners of van Beatniks vereenselwig het. In 1965 is “hippies” vir die eerste keer in ’n artikel deur die joernalis Michael Fallon gebruik om te verwys na die Beatniks wat hulle in Haight-Ashbury gevestig het.<sup>11</sup> Teen 1967 is die term algemeen gebruik. *Life Magazine* het op 31 Maart 1967 in ’n hoofartikel aangekondig dat “the hour of the hippie” aangebreek het. ’n Artikel met die titel “The social history of the hippies” is in *Ramparts*, ’n Amerikaanse literêre glanstydskrif, gepubliseer.<sup>12</sup> “Hippies” is gereeld in die massamedia gebruik om die bepaalde subkultuur/teenkultuur te benoem.<sup>13</sup>

Tydlyne, wat die hippiebeweging in die konteks van ontwikkelings tydens die 1960’s in veral die VSA plaas, is op die internet verkrygbaar.<sup>14</sup> Die beweging het sy aanvanklike hupstoot in San Francisco gekry met die “Human Be-In” in Januarie 1967 in Golden Gate Park, wat geadverteer is as “the joyful, face-to-face beginning of the new epoch” en deur 20,000-30,000 mense bygewoon is. Tussen Junie en September daardie jaar het 100,000 jongmense na die stad gestroom om die “Summer of Love” in Haight-Ashbury te vier. So is die hippiebeweging op ’n groot skaal in die VSA en selfs verder gepopulariseer. Diegene wat van die “Summer of Love” huiswaarts gekeer het, het die style en gedragswyses waarmee hulle in aanraking gekom het na ander stede in die VSA, Kanada en selfs Europa uitgedra. Aan die Amerikaanse Ooskus het die beroemde Woodstock-rockfees twee jaar later bygedra tot die wêreldwye kennisname van die hippiekultuur.

Onder hippies het die idee van “dropping out”, om jou aan die hoofstroomsamelewing met al sy onaanvaarbare tendense te onttrek deur kommunes op die platteland te vorm, posgevat. Hulle wou hulle afskei van

---

10 Vir die etimologie van die woord “hippy” of “hippie”, kyk “hippie”, Dictionary.com., *Collins English Dictionary - Complete & Unabridged 10th Edition* (HarperCollins Publishers) (beskikbaar by <http://dictionary.reference.com/browse/hippie>), geraadpleeg op 22 Junie 2015.

11 S King, “Of beatniks and hippies”, *Barnes & Noble Review*, 5 September 2011 (beskikbaar by <http://www.barnesandnoble.com/review/of-beatniks-hippies/>), geraadpleeg op 3 Oktober 2014.

12 W Hinckle, “The social history of the hippies”, *Ramparts Magazine*, Maart 1967, pp. 5-26 (beskikbaar by <http://www.unz.org/Pub/Ramparts-1967mar-00005?View=PDF>), geraadpleeg op 3 Oktober 2014.

13 L Yablonsky, *The hippie trip* (New York, Pegasus, 1968), p. 28.

14 Kyk byvoorbeeld “Hippy Timeline” (beskikbaar by <http://www.hippy.com/timeline.htm>), geraadpleeg op 22 Junie 2015.

wat hulle as 'n korrupte wêreld beskou het.<sup>15</sup> Timothy Leary, die Amerikaanse psigoloog wat veral bekend geword het vir sy pogings om psigedeliese dwelms (spesifiek LSD) te bevorder, het by 1967 se “Human Be-In” in San Francisco die frase “Turn on, tune in, drop out” geformuleer.<sup>16</sup> Hy het sy vroeë bestaan as 'n professor by Harvard beskryf as “an anonymous institutional employee who drove to work each morning in a long line of commuter cars and drove home each night and drank martinis... like several million middle-class, liberal, intellectual robots”.<sup>17</sup> Leary se “turn on, tune in, drop out”-frase is deur die hippies aangegryp. Hulle het nie belang gestel in politieke aktivisme om die samelewing van binne te probeer hervorm nie, maar verkies om hulle eie kommunes so ver as moontlik buite die hoofstroom te skep. So het hulle gehoop om die samelewing te transformeer. Die eerste van hierdie kommunes in Suid-Colorado is Drop City genoem. 'n Flambojante Boheemse lewenstyl, gekenmerk deur afsondering, anargie, pasifisme, seksuele vryheid, dwelmgebruik en alternatiewe kuns, is deur die inwoners van Drop City gevolg.<sup>18</sup>

Volgens Mercer was dit nie ongewoon dat hippies gemeenskappe buite die konvensionele samelewing gevestig het nie.<sup>19</sup> Rome bevestig dat daar teen 1967 hippiegemeenskappe by dosyne tot stand gekom het in landelike gebiede en dat die getal drasties toegeneem het teen die einde van die dekade. Hy haal 'n negentienjarige in so 'n gemeenskap se brief aan, wat die gees van die tyd opsom:<sup>20</sup>

Right now, I'm trying to keep from being swallowed by a monster-plastic, greedy American society. I need to begin relating to new people who are into taking care of each other and the earth.

In die VSA het die hippies teen die laat 1960's 'n invloedryke drukgroep in die samelewing geword, waarvan kennis geneem moes word. Yablonsky skat dat daar in die laat 1960's byna 'n halfmiljoen mense in die VSA was wat die hippieleefwyse ten volle aanvaar het, terwyl daar 'n paar miljoen Amerikaners was wat een of ander verbintenis met die hippies gehad het.<sup>21</sup> Oor die invloed

15 P Morrell, “Hippies, eco-activists & sixties culture in relation to the Romantic tradition & the history of ideas”, g.d., p. 23 (beskikbaar by <http://www.homeoint.org/morrell/misc/hippies.htm>), geraadpleeg op 26 September 2014.

16 T Leary, *Turn on, tune in, drop out* (Oakland, CA, Ronin, 1999-heruitgawe), p. 3.

17 T Leary, *High priest* (Oakland, CA, Ronin, 1995-heruitgawe), p. 4.

18 P Rabbit, *Drop City* (New York, Olympia Press, 1971).

19 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora...*, p. 38.

20 A Rome, “The environmental movement...”, *The Journal of American History*, 90(2), 2003, p. 543.

21 L Yablonsky, *The hippie trip...*, pp. 36-37.

van die hippies in die Amerikaanse samelewing het Timothy Leary in *The politics of ecstasy* geskryf:<sup>22</sup>

Hippy is an establishment label for a profound, invisible, underground, evolutionary process. For every visible hippy, barefoot, beflowered, beaded, there are a thousand invisible members of the turned-on underground. Persons whose lives are tuned in to their inner vision, who are dropping out of the TV comedy of American Life.

Hoewel die hippielewenstyl teen die begin van die 1980's uitgerafel het, sou hippiewaardes en -modes vir dekades lank 'n betekenisvolle wêreldwye invloed op jeugkultuur op verskillende terreine uitoefen. Aspekte van die hippiekultuur, onder meer ook die bekendstelling aan Oosterse filosofie, is in die hoofstroom Westerse kultuur geassimileer en het 'n langdurige effek op aspekte van die samelewing, insluitende filosofie, moraliteit, musiek, kuns, lewenstyl en modes, gehad. Tot vandag toe is die nalatenskap van die hippies in dinge soos gesondheidsvoedsel, musiekfeeste en seksuele vryheid sigbaar. Timothy Miller het in 'n onlangs-gepubliseerde boek die nalatenskap van die hippies se invloed op die Amerikaanse samelewing herwaardeer.<sup>23</sup>

### **Van The Haight na The Farm: Stephen Gaskin en die visionêre hippies**

In die laaste helfte van die 1960's het daar in die Haight-Ashburydistrik van San Fransisco 'n teenkultuur ontwikkel wat kontroversiële idees rondom dwelms, seksualiteit en geloof uitgeleef het. Haight-Ashbury was vir baie jare 'n hoër middelklaswoonbuurt. Haightstraat is vernoem na Henry Haight, 'n konserwatiewe voormalige goewerneur van Kalifornië, wat verstom sou wees kon hy voorsien dat sy naam geassosieer sou word met die "liefdesgenerasie". Die buurt het ekonomiese welvaart ervaar en kort voor lank het die voormalige inwoners na luukser oorde uitgewyk en hulle wonings uitverhuur. Die Afro-Amerikaanse, Beatnik- en homoseksuele populasie het in die buurt toegeneem, met die gevolg dat 'n Boheemse kultuur sou vorm nog voordat die hippies hulle verskyning kon maak. Mettertyd het jong liberales in hulle massas na die stad gestroom en voortgebou op die gevestigde Boheemse kultuur, veral

---

<sup>22</sup> H Blunts, *The quotable Stoner* (Avon, MA, Adams Media, 2011), p. 75.

<sup>23</sup> T Miller, *The hippies and American values* (Knoxville, University of Tennessee Press, 2011).



die spirituele nuuskierigheid van die Beat-generasie, wat aangeloek is deur wat hulle beskou het as die outentieke aard van Boeddhisme.<sup>24</sup>

Die breër hippiebeweging, wat vinnig posgevat en na ander dele van die VSA en die res van die Westerse wêreld versprei het, was nie 'n eenvormige beweging nie. Daar was verskillende soorte hippies met verskillende vlakke van deelname aan die hippie-teenkultuur. Howard voer aan dat die term “hippie” 'n generiese woord is, wat gewoonlik gebruik word om die algemene stylneiging van die middel 1960's tot middel 1970's onder die jeug te beskryf. Hy onderskei tussen vier tipes hippies wat waarneembaar was. Die eerste van die vier klasse is die visionêre voorlopers, wat volgens Howard geboorte geskenk het aan die beweging in Haight-Ashbury.<sup>25</sup>

In Haight-Ashbury het Stephen Gaskin die ghoeroe van die hippies geword. Hierdie oud-vlootsoldaat en oud-dosent het sy roem gevestig met sy befaamde Maandagaandklas, wat weekliks by The Family Dog-ouditorium byeengeroep is met die blaas van 'n horing en 'n uitgerekte “om”-klank. Dit het in 1967 as 'n skryfklas begin en in 1969 en 1970 in 'n oop besprekingsgroep ontwikkel, wat weekliks deur honderde hippies uit die San Franciscobaargebied bygewoon is.

Melvyn Stiriss, een van Gaskin se getroue volgelinge, skryf:<sup>26</sup>

Monday Night Class was a free, open-to-all, fun, high-energy, hip, town meeting and tripping workshop – that drew a thousand people or more each week.

Die doel van die klas was om verskeie aspekte van die lewe, onder meer dwelmgebruik, paranormale ervarings, seksualiteit, musiek, gemeenskapslewe en ook ekologiese bewustheid, te ritualiseer en spiritualiseer. Tydens sy lesings het Gaskin dieper gedelf in onderwerpe met 'n religieuse en filosofiese inslag. Hy het sy beskouings oor verskeie onderwerpe – die psigedeliese sfeer, die verbruikersamelewing, selfverwesenliking en vele ander – op charismatiese wyse aan sy groot gehore oorgedra. Hy was die tipe spreker wat sy gehoor

---

24 JB Howard, “The flowering of the hippie movement”, *American Academy of Political and Social Science*, 382(1), 1969, p. 45.

25 JB Howard, “The flowering of the hippie movement”, *American Academy of Political and Social Science*, 382(1), 1969, p. 45.

26 S Elliott, “Holy hippies’ tells story of 1971 pot-fueled spiritual bus caravan”, *Take of the town*, 25 Julie 2011, (beskikbaar by [http://www.tokeofthetown.com/2011/07/holy\\_hippies\\_book\\_tells\\_story\\_of\\_1971\\_pot-fueled\\_b.php](http://www.tokeofthetown.com/2011/07/holy_hippies_book_tells_story_of_1971_pot-fueled_b.php), geraadpleeg op 7 Oktober 2014).

ten alle tye ingesluit kon laat voel en kort voor lank het hy 'n groot aanhang opgebou. Hieroor skryf Stiriss:<sup>27</sup>

To say Stephen was an *effective speaker* would be a gross understatement ... Stephen's spellbinding tales of telepathy, amazing trips, realizations and apparent quantum leap in spiritual development – encouraged me to trip... Now, I believed I was tripping not just for myself, but for all Mankind. I was tripping to get enlightened, to save the world from ignorance, poverty and war.

Die Maandagaandklas het 'n podium gebied van waar Gaskin sy idees kon verkondig. Dit was ook 'n platform vir gesprek na aanleiding van die vrae uit die gehoor. Daar kan gesê word dat die Maandagaandklas 'n tipe akademisering was van die ideale in Haight-Ashbury, wat andersins miskien ongehoord sou bly weens die hippies se anti-intellektuele standpunt.<sup>28</sup> Gaskin se lesings by die Maandagaandklas het die intellektuele grondslag vir die hippiebeweging gelê en van hom die visionêre leier van die beweging gemaak. Van die lesings is in boekvorm as *The Monday Night Class* gepubliseer.

Die hippieboodskap wat in Haight-Ashbury posgevat het, het duisende jongmense in die VSA bereik. Dit het aanklank gevind by 'n aansienlike deel van die Baby Boomer-generasie, wat ontnugter was met tendense in die Amerikaanse samelewing van daardie tyd. Alle ondersteuners van die hippiekultuur was nie noodwendig “dropouts” uit die samelewing nie. Howard skryf in hierdie verband oor 'n ander tipe hippie. Die “plastiese hippie”, voer hy aan, het ook die waardes van die konvensionele samelewing verwerp, veral rondom werk en handel. Hulle wou ook die verbruikerskultuur afbreek en het getreur oor die aantal mense wat in die sisteem vasgevang was. Ironies genoeg het hulle binne die hoofstroom 'n mark geskep vir nuwe modes gebaseer op die hippiestyl. Kort voor lank is items soos leerbroke en ronde, Benjamin Franklin-styl brille ten duurste in die handel verkoop. Die gewildheid van die hippiekultuur is in die modestyle van die tyd – haarstyle, kleredrag, vredestekens, ensovoorts – weerspieël. Alhoewel die meeste plastiese hippies nie heeltemal uit die hoofstroomsamelewing geval het nie, het hulle dra van hippiesimbole en hulle aanvaarding van hippiewaardes meer sigbaar geword in die publieke sfeer. Howard skryf dat die plastiese hippies, sonder

---

27 S Elliott, “‘Holy hippies’ tells story of 1971 ...”, *Take of the town*, 25 Julie 2011 (beskikbaar by [http://www.takeofthetown.com/2011/07/holy\\_hippies\\_book\\_tells\\_story\\_of\\_1971\\_pot-fueled\\_b.php](http://www.takeofthetown.com/2011/07/holy_hippies_book_tells_story_of_1971_pot-fueled_b.php), geraadpleeg op 7 Oktober 2014).

28 “Stephen Gaskin” (doodsberig), *The Times* (Londen), 11 Julie 2014; E Langer, “‘Hippy’ priest, social activist and counterculture leader” (huldeblyk), *Washington Post*, 6 Julie 2014.

hulle wete, 'n beduidende invloed op die hippiebeweging as geheel gehad het. Hulle gedrag het in vele opsigte ooreengestem met die gedrag van die ware visionêre hippies.<sup>29</sup>

Weens die toestroming van hordes voornemende hippies, meestal naïewe tieners, het die lewenskwaliteit in Haight-Ashbury begin daal. Die buurt kon nie almal huisves nie. Baie het op straat ge leef. Wanvoeding, siektes, dwelmshandel, geweld en misdaad het toegeneem. Dit het die sentrum van heroïne en ander gevaarlike dwelmmiddels geword. Die strate van die buurt het onveilig geword. Dit was nie wat die visionêre hippies in gedagte gehad het nie. Reeds aan die einde van 1967 het 'n groep van hulle 'n pop as beeltenis van 'n hippie begrawe om die hippie simbolies dood te verklaar. Kort na die Summer of Love het hippies The Haight begin verlaat. Skynbaar het die utopiese droom in die mekka van die hippies begin kwyn. Mercer skryf:<sup>30</sup>

The hippie ideals of love, trust, and community diminished in the Haight. Gaskin's Monday Night Class stayed in the area for a few more years, bringing together those faithful to the hippie dream.

Vir Gaskin en sy volgelinge het dit ook tyd geword om aan te beweeg. Op 12 Oktober 1970 het hy en sowat 150 van sy navolgers op tientalle busse deur Amerika begin reis. "Out to save the world" het voor op Gaskin se bus gestaan. Oor 'n tydperk van etlike maande het hulle die land deurkruis en meer as 8,000 myl afgelê. Tydens hulle reis het Gaskin en sy ondersteuners die boodskap van liefde, samehorigheid, vrede en harmonie met die natuur versprei.<sup>31</sup> Gaskin het indrukwekkende gewildheid bereik en is deur talle instansies uitgenooi om lesings in 42 state dwarsoor die VSA aan te bied.<sup>32</sup> 'n Versameling van hierdie lesings is in 1972 in boekvorm as *The Caravan* gepubliseer, waarvan die gewildheid Gaskin se roem herbevestig het.<sup>33</sup> Daar was 'n oplewing in die geesdrif vir die hippiekultuur.

Aan die einde van die reis het Gaskin en 'n groep van sy ondersteuners 'n stuk grond by Summertown in Tennessee, 100 kilometers suidwes van Nashville, bekom. Hulle het dit *The Farm* genoem en dit is hier waar hulle op 10 Mei

29 JB Howard, "The flowering of the hippie movement", *American Academy of Political and Social Science*, 382(1), 1969, pp. 50-51.

30 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora...*, p. 22.

31 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora...*, p. 36.

32 L Mogren, "Interview with Stephen Gaskin, part 1", Youtube, 2011 (beskikbaar by <https://www.youtube.com/watch?v=AajVTLDW514>), geraadpleeg op 27 Oktober 2014; S Gaskin, *The caravan* (Summertown, The Book Publishing Company, 2007 hersiene uitgawe), p. 6.

33 A Versluis en M Shipley, "Interview with Stephen Gaskin", *Journal for the Study of Radicalism*, 4(1), 2010, p. 141.

1971 afgepak het en 'n kommune gevestig het om die hippie-ideale prakties uit te leef.<sup>34</sup> Dit was die verwesenliking van 'n lankgekoesterde ideaal. Gaskin se visie vir The Farm was dat dit moes dien as “an experiment in sustainable, developmentally progressive human habitat”.<sup>35</sup> Mercer berig:<sup>36</sup>

The eventual foundation of The Farm emulated the foundation of a separate community sought by the hippies of the Haight.

The Farm was beslis nie 'n plakkerskamp nie. Dit was 'n baie aktiewe kommune wat by humanitêre en omgewingsbewaringsaksies betrokke was. Die *Wall Street Journal* het daarna verwys as die “General Motors of American Communes”. Elliot beskryf dit as “the biggest, most successful hippie commune in United States history”. Later het The Farm die Sweedse Right Livelihood Award gewen “for caring, sharing and acting with and on behalf of those in need at home and abroad.”<sup>37</sup>

Hierdie kommune sou tot 'n hoogtepunt van 1,200 inwoners aangroei. Die aanvanklike reëls moes later ter wille van oorlewing aangepas word. Vanaf die 1980's het die getalle begin kwyn, totdat daar later net 200 ouerwordende hippies oorgebly het. Gaskin het tot met sy dood in 2014 daar aangebly, maar teen daardie tyd het hy lank nie meer die dryfkrag van vroeër gehad nie.<sup>38</sup>

## Die algemene aard van die hippiebeweging

Mercer voer aan dat die hippies verskil het van die algemene links-aktivistiese jongmense van die tyd in die sin dat hulle nie gepoog het om Amerika te verander binne die raamwerk van die gevestigde orde nie. Hulle was meer radikaal en wou 'n nuwe, meer aanvaarbare orde laat posvat. Roszak was die eerste om die woord “teenkultuur” te gebruik. Hy het in sy boek *The making of a counter culture* geredeneer dat die hippies 'n totaal unieke samelewing was, wat gekant was teen wat hulle gesien het as die tegnokratiese, konsumeristiese en militaristiese Amerikaanse samelewing van die tyd. Die idee van 'n teenkultuur word sterk uitgedruk deur die verwerping van die kernwaardes

34 K Kelley, “Why we left the farm”, *Whole Earth*, 1(1), 1985, p. 52.

35 “Stephen Gaskin” (doodsberig), *The Times* (Londen), 11 Julie 2014.

36 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora...*, p. 22.

37 S Elliott, “‘Holy hippies’ tells story of 1971...”, *Take of the town*, 25 Julie 2011, (beskikbaar by [http://www.tokeofthetown.com/2011/07/holy\\_hippies\\_book\\_tells\\_story\\_of\\_1971\\_pot-fueled\\_b.php](http://www.tokeofthetown.com/2011/07/holy_hippies_book_tells_story_of_1971_pot-fueled_b.php), geraadpleeg op 7 Oktober 2014).

38 “Stephen Gaskin” (doodsberig), *The Times* (Londen), 11 Julie 2014; E Langer, “‘Hippy’ priest, social activist and counterculture leader” (huldeblyk), *Washington Post*, 6 Julie 2014.

van die hoofstroom van die samelewing waarbinne dit vorm aanneem. Vanuit 'n eietydse perspektief het Roszak die hippieënkultuur soos volg beoordeel:<sup>39</sup>

The revolution which is beginning will call in question not only capitalist society but also industrial society. The consumer's society must perish of a violent death. The society of alienation must disappear from history. We are inventing a new and original world.

Die lewenswaardes van die hippieënkultuur lê opgesom in Roszak se woorde en dit kan afgelei word dat die fundamentele waardes van die hippieëngemeenskap 'n sekere lewenswyse sou impliseer.

By die hippies was daar klem op en soeke na die “skoon en outentieke” en is dinge nagestreef wat nie korrup gemaak is deur die geldgierige en gewelddadige samelewing van die tyd nie. Die hippies se soektog na spirituele opregtheid het verder gestrek as die omhelsing van die eksotiese Oosterse godsdienste en hulle het 'n nuwe, unieke spiritualiteit ontwikkel. Volgens die sosioloog Berger was die hippies 'n hernude Boheemse doktrine, wat self-uitdrukking, neo-paganisme, vryheid, gelykheid en lewe-in-die-oomblik beklemtoon het. Die hippieënkultuur het die fondasie wat deur dié doktrine verskaf is, gebruik om aspekte van verskeie spirituele tradisies te vermeng om sodoende 'n geloofsstelsel te formuleer wat mistieke elemente hooggeag het, terwyl dogma agtergelaat is.<sup>40</sup> Mercer stel dit treffend:<sup>41</sup>

They kept some traditional Judeo-Christian values spiced with variable aspects of whatever flavours from other religions that were appealing.

Dit is egter so dat die belangstelling in hierdie spirituele tradisies oppervlakkig was. Gaskin self het in 'n onderhoud gesê:<sup>42</sup>

I never was religious in the sense like that, but I was interested in stuff from other countries. I knew a Zen master; I was never a Buddhist, but one of the best people I met was a Zen master. In hippie times in San Francisco I knew Buddhists and Jains and Hindus and whatever, all different kinds of folks like that. The thing is, we were not going to San Francisco and converting to religions; we were ransacking religions for goodies.

39 T Roszak, *The making of a counter culture: Reflections on the technocratic society and its youthful opposition* (New York, Doubleday, 1969), p. 22.

40 BM Berger, “Hippie morality, more old than new”, *Trans-action*, 5, 1967, p. 19. Kyk ook BM Berger, *The survival of a counterculture: ideological work and everyday life among rural communards* (Berkeley, University of California Press, 1981).

41 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora...*, p. 16.

42 A Versluis en M Shipley, “Interview with Stephen Gaskin”, p. 142.

Hippies het nie noodwendig al die elemente, wat die verskillende godsdienstige tradisies as inherent waar beskou het, so aanvaar nie. Hulle het bloot daardie spirituele elemente gekies wat resoneer met hul eie wêreldbeskouing. Die teenkultuur se idealisering van Oosterse spirituele tradisies het die afkeer van die hippies in Westerse waardes beklemtoon. Baie hippies het veral sterk aanklank gevind by Zen Boeddhisme, wat direkte eenvoudige belewenis vooropstel.<sup>43</sup> 'n Verdere voorbeeld is die waarde wat in die hippies se spirituele beskouing aan die Inheemse Amerikaanse samelewing (Amerindiens) geheg is. Volgens Mercer het die hippies die Inheemse Amerikaners se eenvoud, respek vir die natuur en sin van samehörigheid bewonder, wat ooreengestem het met hul eie verwerping van die geïndustrialiseerde wêreld. Die beeld wat hulle aangehang het, het nie berus op 'n in diepte kennis van die Inheemse Amerikaanse samelewing nie, maar hulle het die geïdealiseerde beeld van die "edele barbaar" (ontleen aan Jean-Jacques Rousseau), die kinderlik onskuldige buitestander, wat nog nie deur die beskawing korrup gemaak is nie, gebruik as een van die speserye om geur te gee aan hulle eie gekonseptualiseerde wêreldbeskouing.<sup>44</sup>

Die meeste elemente van die hippiebeweging se wêreldbeskouing was nie noodwendig uniek, oorspronklik en innoverend nie. Hulle opvatting was eerder 'n sameflansing van bestaande idees. Die strewe na 'n eenvoudige bestaan, naby aan die aarde, in harmonie met die natuur en medemens was in wese 'n eeue-oue strewe, wat al voorheen deur georganiseerde groepe uitgeleef is. Morrell toon die talle parallele tussen die hippies en die 18de- en 19de-eeuse Romantiese beweging aan. Albei was idealisties, anti-rasioneel en/of anti-intellektueel, gekant teen wetenskaplike materialisme, ten gunste van vreedsame naasbestaan tussen mense en die natuur, en wou die samelewing verander deur mense se houding te transformeer.<sup>45</sup> Die tradisionele "romantiese impuls", volgens Tarnas een van die twee hoofstromings van Westerse denke<sup>46</sup>, was 'n sterk dryfkrag van die hippies. Utopiese ideale, die strewe na die skepping van 'n ideale samelewing, was ook kenmerkend van die hippiebeweging, wat in sekere opsigte ooreenkomste met die utopiese sosialiste van die 19de eeu vertoon het. Stephen Gaskin word beskryf as 'n kommunale utopiër met 'n

---

43 P Morrell, "Hippies, eco-activists & sixties culture in relation...", g.d., p. 8 (beskikbaar by <http://www.homeoint.org/morrell/misc/hippies.htm>), geraadpleeg op 26 September 2014.

44 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora...*, p. 17.

45 P Morrell, "Hippies, eco-activists & sixties culture in relation...", g.d., pp. 9-11 (beskikbaar by <http://www.homeoint.org/morrell/misc/hippies.htm>), geraadpleeg op 26 September 2014.

46 R Tarnas, *The passion of the Western mind* (Londen, Pimlico, 2000, vyfde druk van 1991-uitgawe), p. 366.

visie van “absolute love, responsibility and community”.<sup>47</sup>

’n Verdere weselike kenmerk van die hippiebeweging was die apolitiese aard daarvan. Die hippies het juis vanweë hulle totale afkeer in die hoofstroomsamelewing van die tyd doelbewus weggeskram van politieke aktivisme. Hulle uitgangspunt was dat deelname aan die politieke proses neergekom het op ’n nuttelose poging om die simptome van wat verkeerd was in die samelewing te probeer behandel. Daarom het hulle hulleself veel eerder verdiep in die skepping van ’n alternatiewe gemeenskap. Hulle aanslag was romanties, dromerig, artistiek, pasifisties en mistiek.<sup>48</sup> Volgens Howard het die hippies eerder as om politieke mag te probeer bekom, soos die politieke aktiviste van die tyd, slegs gevra vir die vryheid om hulle “eie ding” te doen. Hulle het implisiet aanvaar dat die kultuur, lewensgehalte en lewenswyse wat onder hulle ontstaan het, so wonderlik was dat enige iemand wat dit kon aanskou hulle geldgierige, materialistiese gewoontes sou laat vaar om oor te skakel na die hippie-Utopia.<sup>49</sup>

## **Die hippies se verhouding met die naturomgewing en die omgewingsbeweging**

Die verskeidenheid sosiale bewegings met verskillende primêre doelstellings wat deel uitgemaak het van wat die “teenkultuur” van die 1960’s genoem word, het nie heeltemal los van mekaar gestaan nie. Hulle het kennis geneem van mekaar se bedrywighede, dikwels saamgewerk om verandering in die samelewing te bewerkstellig, en in bepaalde gevalle selfs oorvleuelende lidmaatskap gehad.

So het die hippies, met hulle ekovriendelike ingesteldheid, naby aan die omgewingsbeweging, en veral die meer radikale element daarvan, gestaan. Die omgewingsbeweging het weliswaar ondersteuners uit alle dele van die ideologiese spektrum, van reaksionêre regs tot radikale linkses, getrek. Maar dit was veral radikaalgesinde jongmense, insluitende die hippies, wat ’n sterk afkeer in die kunsmatigheid van die verbruikerskultuur en die uitbuitende

---

47 M Shipley, “Hippies and the mystic way: Dropping out, unitive experiences, and communal utopianism”, *Utopian Studies*, 24(2), 2013, p. 232.

48 P Morrell, “Hippies, eco-activists & sixties culture in relation...”, g.d., p. 4 (beskikbaar by <http://www.homeoint.org/morrell/misc/hippies.htm>), geraadpleeg op 26 September 2014.

49 JB Howard, “The flowering of the hippie movement”, *American Academy of Political and Social Science*, 382(1), 1969, p. 45.

aard van die kapitalisme gehad het, wat met die natuur en dit wat natuurlik was, kon identifiseer as 'n bron van daardie outentieke waardes wat hulle nagestreef het. Vir hulle was die plundering en verwoesting van die omgewing die gevolg van 'n oorlog teen die natuur in die nywerheidsamelewings.<sup>50</sup>

Weens die anti-intellektuele en nie-aktivistiese aard van die hippiebeweging bestaan daar geen volledig uitgewerkte hippiesiening van omgewingskwessies nie. Tog het die hippies in hulle denke en optrede aansluiting gevind by verskeie kernelemente van die opkomende groen beweging van die tyd. Die psigedeliese en romantiese komponente van die hippieënkultuur kan geassosieer word met 'n spesifieke benadering tot mens-natuurinteraksie. Hier word gefokus op hoe die hippies twee hoofkonsepte van die omgewingsbeweging en van ekologiese as ideologie, naamlik ekologiese holisme en volhoubaarheid, prakties uitgeleef het.

### **Dwelmgbruik as sakrament van holistiese oortuigings**

Nuwe ontdekkings in die biologiese wetenskappe en fisika het die ou meganiese model van die heelal teruggedring en vervang met 'n organiese siening. In die twintigste eeu het ekologie, die studie van ekosisteme, die interaksie tussen en die interafhanklikheid van alle elemente (organies en anorganies) binne ekosisteme en die aarde se biosfeer vooropgestel. Sisteemekologie en die benadering dat ekosisteme holisties, as gehele, bestudeer moes word, het prominent geword.<sup>51</sup> Die idee van 'n web of netwerk van lewe het veld gewen.<sup>52</sup> In die periode toe die hippiebeweging posgevat het, het James Lovelock sy Gaia-hipotese gepropageer. Hiervolgens vorm die interaksie tussen organiese en anorganiese elemente op aarde 'n selfregulerende komplekse sisteem, waardeur die voorwaardes vir lewe op die planeet gehandhaaf word.<sup>53</sup>

Die holistiese en organiese benadering, in teenstelling met die Groot Idee van Vooruitgang, impliseer onder meer dat ekonomiese groei deur ekologiese parameters beperk word, dat tegnologie nie alles kan vermag nie en dat volhoubaarheid nagestreef moet word. Hierdie elemente het perfek ingepas

---

50 A Rome, "The environmental movement and the sixties", *The Journal of American History*, 90(2), 2003, p. 542.

51 A Naess, "The primacy of the whole", referaat, Environment Debate Action Conference on the Environment, Beatenberg (Switserland), 28 Sep-1 Okt 1978, in 1981 gepubliseer deur die United Nations University (beskikbaar by <http://www.transcend.org/galtung/papers/HSDR-GPID61.PDF>), geraadpleeg op 6 Oktober 2014.

52 F Capra, *The web of life: A new scientific understanding of living systems* (New York, Anchor, 1997).

53 J Lovelock, *Gaia: Medicine for an ailing planet* (London, Gaia Books, 2005 hersiene uitgawe), p. 188.



by die lewensuitkyk van die hippies. Hulle siening van wat natuurlik is as eg en outentiek, in teenstelling met die nagmaakte “plastiekwêreld” wat deur die verbruikerskultuur geskep is, het ’n romantiese terug-na-die-natuurideaal by hulle gestimuleer. Die idee van die kosmiese eenheid van alles en van ’n mistieke gemeenskap (“interconnectedness”) tussen mens en mens en tussen mens en natuur het in hulle kraam gepas. Hulle droom was ’n wêreld waar mense harmonies met ander mense en met die natuur moes saamwerk (soos uitgedruk in John Lennon se “brotherhood of man” in sy lied “Imagine”).

Dit is in hierdie strewe na gemeenskap en eenheid dat die hippies van dwelmgebruik ’n sakrament gemaak het. Om “hoog” te raak op dagga, of op ’n “trip” te gaan met LSD was ’n integrale deel van die hippiebestaan. Psigedeliese dwelms het ’n kragtige effek op die menslike liggaam en brein. Visuele hallusinasies, ’n euforiese gevoel, om tred te verloor met tyd en ruimte is maar ’n paar van die kenmerke van ’n goeie “trip”.<sup>54</sup> Vir jongmense wat teen die bestaande orde wou rebelleer, was eksperimentering met hierdie middels opwindend. Aan die begin van die 1960’s was dwelmmisbruik minder algemeen as vandag en het die nadelige gevolge daarvan minder prominensie in die media geniet. Dit was eers toe dit onrusbarende afmetings begin aanneem het, dat alarm gemaak is. Tot vandag toe is dwelmgebruik een van die mees kontroversiële aspekte van die hippieenkultuur.

Dwelmgebruik is meermale deur Gaskin by die Maandagaandklas aangeroen as ’n aanknopingspunt tot ’n bespreking van die psigedeliese sfeer. Mercer voer aan dat die geloof in dwelms as ’n godsdienstige sakrament ’n sleutelaspek was van Gaskin en sy studente se spiritualiteit. As ’n integrale deel van hulle lewenstyl het dwelms ’n invloed op verskeie terreine gehad, insluitende filosofie, kuns, musiek en kleredrag.<sup>55</sup> Miller meld dat die rituele rondom dwelmgebruik ’n groepsbewussyn en ’n grondslag vir groepsintimiteit geskep het.<sup>56</sup>

“Tripping” (dwelmgebruik) kan, soos ook “dropping out”, as ’n ontvlugtingsmeganisme uit ’n onaanvaarbare en onverteerbare werklikheid geïnterpreteer word. Die hippies van Haight-Ashbury het verkies om dit anders te vertolk. Hieroor rapporteer Jay Stevens soos volg:<sup>57</sup>

---

54 Anon., “The harmful effects of LSD”, Foundation for a Drug-Free World, 2014 (beskikbaar by <http://www.drugfreeworld.org/drugfacts/lsd/the-harmful-effects-of-lsd.html>), geraadpleeg deur 6 Oktober 2014.

55 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora...*, p. 14.

56 T Miller, *The hippies and American values...*, p. 15.

57 J Stevens, *Storming heaven: LSD and the American dream* (New York, The Grove, 1998), p. xiv.

According to the hippies, LSD was the glue that held the Haight together. It was the hippie sacrament, a mind detergent capable of washing away years of social programming, a re-imprinting device, a consciousness-expander, a tool that would push us up the evolutionary ladder. Some even claimed LSD was a gift from God, given to mankind in order to save the planet from a nuclear finale.

In die hippiedenke was daar sekerlik 'n sterk element van treur oor die manier waarop die samelewing van die tyd omgegaan het met sowel medemens as met die aarde. Hippies het egter verkies om dwelmgebruik nie in terme van ontvlugting uit die onuitstaanbare realiteit te vertolk nie, maar eerder in 'n meer positiewe sin as 'n spirituele manier om (1) hul bewussyn van die kosmiese gemeenskap te verdiep en (2) die mistieke band met die aarde/natuur te versterk.

Prominent was die idee dat dwelms die bewussyn verruim. Psigedelies beteken letterlik “om die psige oop te maak”. Timothy Leary het verklaar: “Expand your consciousness and find ecstasy and revelation within”.<sup>58</sup> Op soek na 'n vars kyk op die wêreld het die hippies met psigedeliese dwelms as 'n vorm van spirituele verkenning geëksperimenteer in die hoop dat dit hulle sou help om bo die alledaagse uit te styg en die ware aard van die menslike bestaan in 'n ander dimensie te ontdek. Die hippies het geglo dat die euforiese ervaring van dwelmbeswying hulle in staat stel om 'n ander dimensie van menswees te betree, waar hulle 'n dieper konneksie met die siel kan ervaar. Hierdie idee sluit ook aan by elemente van Boeddhisme wat deur die hippies by hul lewenswyse geïnkorporeer is. Gass skryf dat “verligting” in die Boeddhistiese geloof, 'n ontwaking is na 'n alternatiewe realiteit, dat daar 'n ideale wêreld is wat bereik kan word deur middel van meditasie en dat absolute waarheid in hierdie wêreld te vind is.<sup>59</sup> Dwelms is deur die hippies aangewend as hulpmiddel tydens meditasie.<sup>60</sup>

Anti-dwelmkruisvaarders beskou dwelmgebruik as 'n immorele daad. In teenstelling hiermee het die hippies dit as morele optrede verdedig. Miller skryf dat die gebruik van dwelms, veral “grass”, intrinsiek was aan die teenkultuur. Hy voer aan dat die hippies geglo het dat dwelms die aard van bewussyn verander het op fundamentele maniere en daardie verandering 'n

---

58 T Leary, *High priest...*, pp. 132-133.

59 P Gass, “Buddhism through the eyes of the dead”, S Gimbel (red.), *The grateful dead and philosophy: Getting high minded about love and Haight* (Chicago, Open Court, 2007), p. 129.

60 In AH Badiner en A Grey (reds.), *Zig Zag Zhen: Buddhism and psychedelics* (San Francisco, Chronicle Books, 2002) word die verband tussen psigedeliese dwelms en Boeddhisme in die VSA uit verskillende perspektiewe ontleed.

sentrale belang gehad het in die vorming van die teenkultuur. Soos wat die natuurwetenskaplikes van die sewentiende eeu geglo het dat wetenskap en rasionaliteit lig sou bring aan die wêreld, het die hippies geglo dat die effek van dwelms 'n persoon na spirituele verligting kon stoot, en dat dit die lewe van die verbruiker in die rigting van etiese optrede teenoor ander mense en die natuur kon stuur.<sup>61</sup>

Rome beklemtoon dat die begeerte om “terug te keer na die natuur” ’n merkwaardige dryfkrag was in die dwelmkultuur van die 1960’s. Die effek van dwelms het die hippies ’n gevoel van eenheid of gemeenskap met die res van die natuur en die kosmos laat ervaar. Dit het hulle “kosmiese wiele” gegee, aldus Donovan se liedjie *Cosmic Wheels*. Die gebruik van dwelms is voorgestaan as ’n hulpmiddel om die natuur te verstaan en tot insig te kom oor die natuurlike orde van die heelal. Die meerderheid hippies se omgewingsbeskouing het naby aan dié van die diep ekologie, die geloof in die essensiële gelykheid van alle lewensvorme, gekom. Daar is spottenderwys gesê dat net iemand op ’n LSD-“trip” ’n sinvolle gesprek met ’n boom kan voer. Vir die hippies was die ervaring van hul eenheid met die kosmos egter ’n saak van erns, daardie sin van gemeenskap met almal en alles wat hulle onder die invloed van dwelms beleef het. Die skrywer Geoffrey O’Brien het aangevoer dat dwelms hom na “die wildernis” geneem het, waar hy in voeling was met die ritme van die sterre en die geluide van die insekte, waar die natuur met hom gepraat het en hy in ekstatische gemeenskap geluister het.<sup>62</sup>

The planet is a sentinel companion! Everything that lives is taking in everything and communicating its response back to everything, without stopping, constantly!

Ook hierin het ’n etiese element opgesluit gelê. Dit resoneer met Gaskin se lesings by die Maandagaandklas waar ondersoek ingestel is na die effek van dwelms op spiritualiteit. Spiritualiteit in die konteks van die hippiemoraliteit het ’n tipe paganisme behels, wat intrinsieke waarde aan lewe en die natuur heg. Volgens Miller was daar ’n geloof dat dwelms die etiese verbintenis tot respek teenoor, omgee vir en versorging van alle vorms van lewe versterk. Hy som die rol van dwelms by die hippiebewussyn van die omgewing soos volg op:<sup>63</sup>

---

61 T Miller, *The hippies and American values...*, p. 14.

62 A Rome, “The environmental movement and the sixties”, *The Journal of American History*, 90(2), 2003, p. 543.

63 T Miller, *The hippies and American values...*, p. 14.

Persons were part of the natural world, and feeling and appreciating that was part of the dope (drug) experience.

### **The Farm:**<sup>64</sup> **Praktiese uitlewing van 'n selfonderhoudende volhoubare gemeenskap**

Volhoubaarheid is 'n eeue-oue konsep onder omgewingsbewustes, waarvan daar al sprake was in die antieke beskawings van baie eeue gelede. In die 18de eeu was daar in bosboukringe Clausewitz se “Ewige Wald”-ideaal. JS Mill het in die 19de eeu die ekonomiese zerogroei-opsie in sy “stilstaande staat”-argument aangeroer. Verskeie ander wetenskaplikes en skrywers (Thomas Malthus, William Stanley Jevons, George Perkins Marsh, John Muir, Henry David Thoreau e.a.) het verskillende weergawes aangebied van wat vandag as volhoubare ontwikkeling bekend is.<sup>65</sup>

In die tyd toe die hippieenkultuur gevestig is, het die openbare diskoers rondom Rachel Carson se *The silent spring* die groen beweging in die VSA 'n hupstoot gegee. Seminale tekste oor die ekologiese krisis in daardie era het Paul Ehrlich se reeds gemelde *The population bomb*, Fritz Schumacher se *Small is beautiful: economics as if people mattered* en die Club of Rome se *The limits to growth* ingesluit. Die ekologiese krisis het 'n sentrale gesprekstema geword.

Teen die agtergrond van onrusbarende voorspellings dat die mensdom besig was om die planeet se vermoë om lewe te onderhou te vernietig, het die noodsaak vir 'n minder eksploiterende en meer ekovriendelike samelewing teoreties op die voorgrond getree. Die konsep van volhoubare ontwikkeling het op die toneel verskyn as 'n poging om die argument vir voortgesette ekonomiese groei en die argument vir daadwerklike ekologiese konservering te balanseer.

Aan die hippies kom die eer toe dat hulle met die vestiging van selfonderhoudende kommunes op die platteland eintlik die teoretiese debat oor volhoubare ontwikkeling vooruitgehoop het deur prakties te demonstree dat selfonderhoudende volhoubare gemeenskappe 'n werklikheid gemaak kon word. Hulle het bewys dat dit moontlik vir mense in die moderne samelewing met sterk genoeg oortuigings was om hulle los te skeur uit die greep van

---

<sup>64</sup> Melvyn Stiriss het 'n trilogie van boeke (Voluntary peasants trilogy) oor die geskiedenis van en die lewe op The Farm geskryf.

<sup>65</sup> JA du Pisani, “Sustainable development – historical roots of the concept”, *Environmental Sciences*, 3(2), Junie 2006, pp. 83-96.

die verbruikerskultuur en hulle ekologiese voetspoor te verklein. Rome wys daarop dat, hoewel die meeste hippiekommunes nie baie lank bestaan het nie, daar tussen die laat 1960's en vroeë 1970's sowat vyfhonderdduisend Amerikaners tyd in 'n kommune deurgebring het.<sup>66</sup>

Een van die bekendste van hierdie kommunes was Stephen Gaskin en sy navolgers se The Farm in Tennessee. Hier is die droom van 'n kleinskaalse, nie-materialistiese, minimalistiese en ekovriendelike gemeenskap verwesenlik. Clifford Figallo, wat self 'n ruk op The Farm gewoon het, beskryf die tipe mense wat aangetrokke was tot die lewe wat The Farm gebied het as mense wat in staat was om “vibrasies van realiteit-dimensies buite die materiële platform” te erken.<sup>67</sup> 'n Ander inwoner van The Farm, Melvyn Stiriss, het hulle as “vrywillige kleinboere” beskryf.<sup>68</sup>

Voluntary peasants are everyday people, from all walks of life, who choose to live simply, close to the earth, self-reliant, growing food – for the sake of the planet, their families and their own souls.

Gaskin en sy volgelinge, soos die lede van die talle ander hippiekommunes, het intens verlang na 'n meer eenvoudige, meer natuurlike, meer vreedsame bestaan naby aan en in harmonie met die natuur. In 'n onderhoud het Gaskin gesê dat hy Ralph Waldo Emerson, wat sy transendentale siening dat die natuur van die goddelike deurdrenk is in *Nature* verduidelik het en Henry David Thoreau, wie se *Walden* beskryf word as bepeinsing oor 'n eenvoudige lewe naby die natuur, as sy “ghoeroes” beskou het.<sup>69</sup> Vir baie jongmense wat 'n afkeer in die “plastiek”-samelewing ontwikkel het, was die kommunes 'n aantreklike opsie. Mercer bevestig dat 'n meer natuurvriendelike en harmonieuse leefstyl baie begeerlik was in daardie tydperk.<sup>70</sup>

In verskeie opsigte het die hippies hulle omgewingsdenke prakties uitgeleef op The Farm. Dit het reeds met die aanvanklike vestiging op The Farm geblyk. Omdat hulle die kommune uit niks moes opbou, het hulle leefstyl met karige hulpbronne nogal ooreengestem met die leefstyl van die oerbekawings. Hulle was totaal afhanklik van mekaar en van die natuur vir basiese lewensbehoefes. Tydens elke fase van ontwikkeling op The Farm was die inwoners sensitief

66 A Rome, “The environmental movement and the sixties”, *The Journal of American History*, 90(2), 2003, p. 544.

67 K Kelley, “Why we left the farm”, *Whole Earth*, 1(1), 1985, p. 57.

68 S Elliott, “Holy hippies’ tells story of 1971...”, *Take of the town*, 25 Julie 2011, (beskikbaar by [http://www.tokeofthetown.com/2011/07/holy\\_hippies\\_book\\_tells\\_story\\_of\\_1971\\_pot-fueled\\_b.php](http://www.tokeofthetown.com/2011/07/holy_hippies_book_tells_story_of_1971_pot-fueled_b.php), geraadpleeg op 7 Oktober 2014).

69 A Versluis en M Shipley, “Interview with Stephen Gaskin”, p. 146.

70 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora*, p. 48.

vir die invloed op die natuur van al hulle bedrywighede. Dit word duidelik wanneer ondersoek ingestel word na die aard van infrastruktuur, waar hulle inkomste gegeneer is en die deekultuur van die kommune.

Gaskin en sy navolgers het kort na hulle aankoms by die grond naby Summertown begin bou aan die gemeenskap se infrastruktuur. Dit was 'n gemeenskapsaktiwiteit. Die skuilings het bestaan uit hout van die omliggende woude, tente wat teen goedkoop pryse tweedehands aangeskaf is of daar is geslaap in een van die 35 busse waarmee die groep gearriveer het. Daar is klem geplaas op landbou, waarvan die hele gemeenskap geleef het, en die aanskaf van goedere in die omliggende dorpe is tot 'n minimum beperk.

Morrell beskryf die lewenstyl van die kommune op The Farm as “a 'no waste' lifestyle that has minimal impact”.<sup>71</sup> Mercer skryf dat hulle doelwitte was om 'n spirituele, minimalistiese en vegetariese leefstyl te handhaaf. Hy gaan voort om te stel dat hulle 'n gemeenskap wou vorm waar mense “reg lewe”, in harmonie met mekaar en met die natuur. Om “natuurlik” te lewe was die uitgangspunt van hulle ekovriendelike lewenstyl. Hulle het voorkeur gegee aan “natuurlike” voedsel en medikasie, asook natuurlike geboorte.<sup>72</sup> Morrell vertolk hulle siening van “natuurlik” so:<sup>73</sup>

In the case of the word “natural”, the underlying idea is that it clearly means fresh and pure; it means unadulterated, untainted, unblemished, pristine, organic and undamaged. It means unrefined and unchemicalized too. It thus means safe, harmless, good for you and holistic ... That is its meaning when used in “natural foods”, “natural living”, “natural community”, “natural energy” and “natural therapies”.

Die meeste van The Farm se inwoners was vegetariërs. Hulle het groente organies geproduseer en nie chemiese gifstowwe gebruik nie. Sekere van hulle het later restaurante bedryf waar slegs organiese voedsel gebruik word en die spyskaart heeltemal vegetaries is. Volhoubaarheid, mededeelsaamheid en herwinning was 'n integrale deel van die lewenswyse op The Farm.<sup>74</sup>

'n Anti-kapitalistiese en nie-materialistiese benadering het die lewenstyl van die hippies op The Farm gekenmerk. Min waarde is geheg aan materiële besittings anders as die absolute noodsaaklikhede vir lewe. Hieroor berig

71 P Morrell, “Hippies, eco-activists & sixties culture in relation...”, g.d., p. 8 (beskikbaar by <http://www.homeoint.org/morrell/misc/hippies.htm>), geraadpleeg op 26 September 2014.

72 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora...*, p. 48.

73 P Morrell, “Hippies, eco-activists & sixties culture in relation...”, g.d., p. 5 (beskikbaar by <http://www.homeoint.org/morrell/misc/hippies.htm>), geraadpleeg op 26 September 2014.

74 E Langer, “Hippy' priest, social activist and counterculture leader” (huldeblyk), *Washington Post*, 6 Julie 2014.

Stiriss:<sup>75</sup>

We all, in the old days, agreed to a vow of poverty. Seeing the beauty and wisdom in being happy with less. That's a good thing. But since then, several people have observed we should have said "vow of simplicity" rather than "vow of poverty".

Inwoners van The Farm het die kapitalistiese verbruikersamelewing se werkspatrone (8 ure per dag, 5 dae 'n week), wat daarop gemik is om 'n surplus te produseer waaruit wins gemaak kan word, verwerp. Aanvanklik was die gedagte dat almal op The Farm moes werk en uit die landbou 'n bestaan moes maak. Hulle het teruggegryp na die soort werksetiek in die primitiewe gemeenskappe, naamlik om net genoeg te werk om in elke dag se daaglikse behoeftes te voorsien. Dit is natuurlik 'n ingesteldheid wat baie minder druk op die natuurlike hulpbronne van die omgewing uitoefen en 'n baie kleiner ekologiese voetspoor laat as die tipiese voorstedelike leefwyse van die meerderheid van die bevolking.

Hoewel The Farm se inwoners 'n nie-materialistiese benadering gehad het, kon hulle tog nie sonder enige inkomste oorleef nie. Latere geslagte was nie so verbind aan die oorspronklike ideale nie en van hulle het buite die kommune in nabygeleë dorpe gaan werk. Sodoende is inkomste gegeneer wat gehelp het om die gemeenskap aan die gang te hou. In sy onderhoude met voormalige inwoners van The Farm het Kelly bevind dat 'n paar van hulle gaan werk het by *Whole Earth*, 'n tydskrif wat bewussyn oor omgewingskwessies probeer kweek.<sup>76</sup>

Een van die belangrikste bydraes van die mense van The Farm tot die omgewingsbeweging was juis bewusmaking van omgewingskwessies. Veral aan die begin het hulle baie welslae hiermee behaal, omdat die media soveel publisiteit aan die hippieteenkultuur as 'n vreemde nuwigheid verleen het. So kon hulle boodskap, ook wat omgee vir die fisiese omgewing betref, 'n breë gehoor bereik. Op hierdie manier het die hippies beduidend bygedra tot die vestiging van die omgewing as 'n proteskwessie. Hulle het geleenthede benut om hulle boodskap te versprei.<sup>77</sup> Hulle het 'n uitgewery, die *Book Publishing Company*, gevestig. Dit het afgeskop deur Stephen Gaskin se lesings by die

---

75 S Elliott, "Holy hippies' tells story of 1971...", *Take of the town*, 25 Julie 2011, (beskikbaar by [http://www.tokeofthetown.com/2011/07/holy\\_hippies\\_book\\_tells\\_story\\_of\\_1971\\_pot-fueled\\_b.php](http://www.tokeofthetown.com/2011/07/holy_hippies_book_tells_story_of_1971_pot-fueled_b.php), geraadpleeg 7 Oktober 2014).

76 K Kelley, "Why we left the farm", *Whole Earth*, 1(1), 1985, p. 54.

77 A Rome, "The environmental movement and the sixties", *The Journal of American History*, 90(2), 2003, p. 544.

Maandagaandklas en tydens die 1970/71-rit deur die VSA uit te gee. Dit het ook publikasies oor onder meer natuurlike geboorte en vegetariese diëte uitgegee.<sup>78</sup> Met behulp van hierdie uitgewery bereik die boodskap van die hippies tot vandag die buitewêreld. Ander inwoners van The Farm het straatteater beoefen of bewusmakingsgroepe gestig. *CRAP*, oftewel *Cyclists Revolting Against Pollution* het fiets gery om die punt te bewys dat daar meer omgewingsvriendelike maniere is om jouself te vervoer as deur die gebruik van 'n motorvoertuig.

Tans (2015) slaag die gemeenskap op The Farm om steeds 'n aktiewe rol in die omgewingsbeweging te speel. Hulle is nog aktief betrokke by omgewingsgerigte projekte, byvoorbeeld die praktyk van permakultuur<sup>79</sup> of die kursusse wat daar aangebied word oor ekoplase.<sup>80</sup>

## Die hippies se bydraes tot die omgewingsbeweging

Ongetwyfeld het die hippies vanaf die 1960's betekenisvolle bydraes tot die omgewingsbeweging gelewer. Weens die visionêre hippies se apolitiese ingesteldheid en omdat hulle nie altyd op die voorpunt van omgewingsaktiwisme was nie, het hierdie bydraes nie noodwendig die erkenning gekry wat dit verdien nie.

Die eerste vlak waarop die hippies belangrike insette gelewer het, was bewusmaking van omgewingskwessies. Rome beskryf hierdie bydrae soos volg:<sup>81</sup>

(T)he hippies inspired many young people to think more deeply about the earth... Because the mainstream media gave tremendous attention to the counterculture, the hippie argument that the nation needed to find a less environmentally destructive way of life reached a wide audience... In a variety of ways... the counterculture helped to put the environment on the protest agenda.

---

78 KM Mercer, *A hippie commune as a countercultural diaspora...*, p. 49.

79 Permakultuur is 'n filosofie van natuurlike boerdery, waar die boer saam met die natuur, eerder as teen die natuur werk om op 'n volhoubare manier te produseer. Dit funksioneer op 'n holistiese wyse binne natuurlike ekosisteme. B Mollison, *Introduction to permaculture* (Tasmania, Tagari, 1991).

80 Gemeenskappe of kommunes wat streef na sosiale, ekonomiese en ekologiese volhoubaarheid deur organiese te boer.

81 A Rome, "The environmental movement and the sixties", *The Journal of American History*, 90(2), 2003, p. 544.



Hierdie bewusmaking van die omgewingskrisis het in die milieu van die links-radikale teenkultuur van die tyd met massamobilisering vir omgewingsaktiwisme gepaardgegaan. In die laat 1960's het die omgewingbeweging duisende tieners en mense in hulle twintigs aangelok. Dit was die energie van die jeug wat die omgewingsbeweging 'n massa-aard gegee het. Hiertoë het die hippie teenkultuur se gewildheid, veral onder die jong geslag, in geen geringe mate nie bygedra. Die fundamentele waardes wat inherent was aan die hippiewêreldbeskouing, veral die afkeer in die kapitalistiese samelewing en die verlange na eenheid met die natuur, het fenomenale gewildheid bereik teen die einde van die 1960's en was een van die belangrike dryfkragte agter die links-aktivistiese veldtog om te veg vir die regte van die aarde.

In hierdie opsig het die groep waarna Howard as die "plastiese" hippies verwys 'n belangrike rol gespeel. Hulle was weens hulle navolging van die hippiestyl 'n sigbare teenwoordigheid in die samelewing. Teen die einde van die 1960's was dit baie gewild om die Boheemse lewe van die hippies te lei. Howard skryf dat kampusse gevul was met studente wat kaalvoet geloop het en "hippieklere" gedra het.<sup>82</sup> Daarmee saam het hulle ook die hippie-idees gepropageer, veral wat betref die afkeer in die verbruikersamelewing en die "terug na die natuur"-mentaliteit. Die groot getalle "plastiese" hippies het saam met ander radikaalgesindes die ruggraat van omgewingsaktiwisme gevorm. Hoewel hulle miskien nie kans gesien het om soos die "visionêre" hippies die hoofstroomsamelewing vaarwel toe te roep nie, het hulle baie sterk ingekoop in die propagering van groen idees. Hieroor skryf Rome:<sup>83</sup>

The increasing overlap between countercultural and radical thinking was part of a larger trend, the acceptance of what the pollster Daniel Yankelovich termed "the new naturalism." In a series of studies of college students in the late 1960s and early 1970s, Yankelovich discovered a widespread conviction that everything artificial was bad, while everything "natural" was good.

Namate die gewildheid van die hippiebeweging 'n hoogtepunt bereik het, het die hippies se houding teenoor die omgewing 'n positiewe stimulus aan die omgewingsbeweging verleen. So het die hippies ook bygedra tot die sukses van die eerste Aardedag in April 1970 deur te help om die massas te mobiliseer vir deelname.<sup>84</sup> Daardie eerste Aardedag was die sterkste manifestasie van die

82 JB Howard, "The flowering of the hippie movement", *American Academy of Political and Social Science*, 382(1), 1969, pp. 50-51.

83 A Rome, "The environmental movement and the sixties", *The Journal of American History*, 90(2), 2003, p. 243.

84 A Rome, "The environmental movement and the sixties", p. 241; Anon., "Earth Day: The history of a movement", Earth Day Network, 2014 (beskikbaar by <http://www.earthday.org/earth-day-history-movement>), geraadpleeg op 26 September 2014.

alliansie tussen die hippies en ander groenes om 'n sterk standpunt oor omgee vir die omgewing in te neem. Uiteindelik is duisende universiteite, kolleges, skole en gemeenskappe dwarsoor die VSA betrek en het ongeveer 20 miljoen Amerikaners byeengekom om die eerste Aardedag te vier en te wys dat hulle omgee vir die omgewing en bekommerd is oor die ekologiese krisis.<sup>85</sup> Morrell meen dat die hippies Rachel Carson se nalatenskap voortgesit het en verklaar: "Eco-activism comes after Hippies and is deeply indebted to them."<sup>86</sup>

In ten minste een opsig was Stephen Gaskin en sy volgelinge op The Farm se bydrae tot die omgewingsbeweging absoluut uniek, naamlik dat hulle oortuigings oor 'n lewe naby die natuur en in harmonie met die natuur nie by woorde gebly het nie. Hulle het nie net gesê dat hulle 'n ekovriendelike lewenstyl ondersteun nie, maar dit ook in die praktyk in hulle kommune 'n realiteit gemaak. "The hippies didn't just talk about growing their own food", skryf Stanko, "they did it".<sup>87</sup> Sodoende het hulle gedemonstreer, waaraan baie mense aanvanklik getwyfel het, naamlik dat dit wel moontlik was, nie alleen om 'n feitlik totaal selfonderhoudende gemeenskap buite die hoofstroom te skep nie, maar ook om dit oor dekades heen – nou reeds meer as 40 jaar – in stand te hou.

In hierdie artikel is aangetoon dat die hippiegemeenskap wat Stephen Gaskin as ghoeroe gevolg het van Haight-Ashbury in San Francisco af na The Farm in Tennessee op meer as een manier 'n bydrae gelewer het tot die opkomende omgewingsbeweging in die laat 1960's en vroeë 1970's. Hoewel die hippiebeweging in die algemeen na 'n bietjie meer as 'n dekade steun begin verloor het, was hul invloed in verband met denke oor en optrede ten bate van die omgewing standhoudend. Sekere lewenstylkomponente in vandag se samelewing, nie net in die VSA nie, maar regoor die wêreld, ook hier in Suid-Afrika, kan na hulle invloed nagespeur word. Dus was die hippieënkultuur meer as net 'n modegier van die tyd en het dit 'n blywende nalatenskap binne die omgewingsbeweging gelaat. Nie net die "visionêre" hippies nie, maar ook die "plastiese" hippies het hiertoe bygedra en dit is nodig om hulle daarvoor erkenning te gee.

---

85 A Rome, "The environmental movement and the sixties", *The Journal of American History*, 90(2), 2003, p. 550.

86 P Morrell, "Hippies, eco-activists & sixties culture in relation...", g.d., p. 9 (beskikbaar by <http://www.homeoint.org/morrell/misc/hippies.htm>, geraadpleeg op 26 September 2014).

87 N Stanko, "The early environmental movement in the United States", *The Greeniac Nation*, 2011 (beskikbaar by <http://www.greeniacs.com/GreeniacsArticles/Environmental-Movement.html>), geraadpleeg op 26 September 2014.